Ek is... Poortbode

16 Augustus 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

Prediker: Ds. Johan de Wet

Teks: Gen. 22: 1 - 18

Tema: Die Heilige Gees vestig geloof.

1. VERJAARSDAE:

Baie geluk aan elke lidmaat wat vanaf 16 - 22 Augustus verjaar. Ons bid elkeen die Here se rykste seën toe. Mag dit 'n wonderlike nuwe lewensjaar, vol vreugde en genade wees.

2. GEBEDSVERSOEKE:

Ons bid vir elkeen van ons lidmate wat siek is, tuis aan die herstel is, bekommerd, eensaam of hartseer is. Mag julle intens bewus wees van ons Vader se liefde, genade en beskerming.

3. PASTORALE BESOEKE:

Lidmate is baie welkom om enige van ons twee predikante op hul selfone te skakel in die geval van nood of vir 'n afspraak.

4. EREDIENS 23 Augustus 2020:

Bespreek asseblief voor Saterdag 10:00 by 079 653 3357 om die 9:00 of 10:30 diens by te woon. Ons kom al die Covid-regulasies na. *Môre se 9:00-erediens sal sodra dit geredigeer is, per whatsapp uitgestuur word.*

5. NUWE LIDMATE:

Nuwe lidmate is welkom om die lidmaatskapvorm op ons webwerf:

www.hartiesng.org

af te laai, in te vul en aan Angie te stuur by:

kantoor@harties ng.org

of jy kan ook die vorm by haar aanvra.

6. FOTO'S VAN ELKE LIDMAAT:

Om ons lidmaatregister op te dateer, benodig ons 'n gesigsfoto (sommer met jou selfoon geneem) van elke lidmaat asseblief. Jy kan die foto gerus na: **komm@hartiesng.org** stuur, asseblief. Onthou net om jou doopnaam en van by die foto te plaas, asseblief.

Dankie aan elkeen wat reeds op dié versoek reageer het.

7. DANVILLE:

Baie dankie aan elke lidmaat wat steeds help dat ons 60 gesinne van ‘n kospakkie kan voorsien. Bydraes kan per EFT gedoen word, met net duidelik as verwysing: **Danville.**

8. SOSIALE MEDIA:

Like us on Facebook

Besoek gerus ons FB-blaaie:
Harties NG Kerk en
Harties NG Jeug

9. KOLLEKTE/DANKOFFERS:

Ons het tans eredienste met beperkte getalle. Indien jy egter op “Youtube” na die diens kyk en steeds graag jou kollekte of dankoffer wil bydra, kan dit of elektronies oorgedra word of met Zapper gedoen word. Baie dankie - elke bydrae help om ons maandelikse uitgawes te kan dek.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die “zapper-app” op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.

10. HEILSMUUR:

Op pad saam met Job:

As ons Sy wil ken en gehoorsaam.

Ons kan nie vordering maak sonder om die toets te slaag nie: Alleenlik toe Job verstaan wat God van hom verlang, kon hy uit sy beproewings kom. God konsentreer op die eindproduk. Job was voorbeeldig, maar sy gebrek? "... in sy eie oë was hy regverdig." (Job 32:1-2) Hy moes God se wil leer gehoorsaam: " en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as." (Job 42:6) Job moes leer wat genade en vergifnis beteken. In (Job 42: 10) lees ons dat Job se keerpunt uit sy teëspoed begin het.

“Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het." Toe leer hy God werklik ken, nie slegs van Hom geweet nie.

Ken ons God se wil, sodat Sy wil in ons lewe kan geskied?

Here lei ons deur die Gees in die waarheid. Amen.